ONS BANKBESONDERHEDE

NG Mosselbaai-Suid, ABSA Mosselbaai, reknr 207 058 0031 (Dankoffers)
NG Mosselbaai-Suid, ABSA Mosselbaai, reknr 207 016 7886 (Geloofsoffers)

Ons wil u aanmoedig om, as dit vir u moontlik is, u dankoffer direk in te betaal by wyse van 'n aftrekorder, elektroniese oorplasing of outobank-koppeling. Dis baie veiliger en spaar die kerk baie bankkoste op kontantdeposito's.

VIR U AANDAG

OESMAAND VIR DIE KOSKAS: Desember bied ons aan alle lidmate geleentheid om bydraes te maak vir die koskas. *Droë produkte, groente, gevriesde produkte, wors, maalvleis, hoender, weense worsies, ingemaakte vrugte/groente, vlapoeier, jellie, koekies, lekkers, aanmaakkoeldrank (poeiersoort), of kontant–bydraes kan by die kerkkantoor of u dienswerker afgegee word.* Ons beplan 'n spesiale pakkie vir die 26 gesinne wat kospakkies ontvang. Navrae Joey telnr. 073 2988 142.

SAAMKUIER NA DIENS: Lekker koffie en tee word na die diens in die kerksaal bedien. Kom kuier gesellig saam en leer mekaar beter ken.

GEBEDSBULLETIN—Tema vir Desember: Christusfees

Dank die Here die week vir:
Godsdiensvryheid om Kersfees op Bybelse manier te mag vier.
Familie-tyd, kuiertyd.
Stranddienste - bid vir die Vleesbaai span (voorbereiding, logistieke sake soos vervoer, klank, poppekas, ens).
Bid vir:
Highway Ministry (GEBEDSTENTE by Ultra Cities en ander strategiese punte.)
Mosselbaai se water- en elektrisiteitsvoorsiening, riolering en vullis-verwydering gedurende die vakansietyd.
Die langpad emosies (geduld; vriendelikheid, onderlinge bedagsaamheid en verdraagsaamheid).
Besoekers wat ons dorp gaan binnekom – vra die Here dat die kruis by die Punt 'n simbool sal wees van die Here se teenwoordigheid in ons dorp.
Stalletjies, straatmarkte en informele verkopings.
Wetstoepassers: alle verkeersbeamptes en ander (soos diegene wat besige kruisings beman).
Die Kerskunsmark.
Kersdienste: kerkgeboue, amfiteater, hospitale, tronke, radio.
Mense wat op Kersdag sal werk: Dokters, verpleegpersoneel, paramedici/ambulanse, brandweer, polisie, sekuriteitspersoneel, verkeerspolisie, petroljoggies, ens.
Die Kersboodskap in Geslote lande.
Die Kersboodskap aan onbereikte volkere.
Bid vir eensames in ouetehuise, dienssentrums, kamertjies, hospitale.
Dankbaarheidsmaand-insameling.

NG KERK MOSSELBAAI-SUID

AFKONDIGINGE: Skoolvakansie 2016/17

"Eer aan God in die hoogste hemel, en vrede op aarde vir die mense in wie Hy 'n welbehae het!" **Lukas 2: 14**

EREDIENSTE:

11 Des	09:00	Kerkgebou en Vleesbaai
18 Des	09:00	Kerkgebou, Vleesbaai en Boggomsbaai
	19:00	Jan de Wet optrede in Vleesbaaisaal
25 Des	08:30	Jan de Wet in kerksaal
	08:30 en 10:00	Kersdienste in kerkgebou
	07:00	Vleesbaai en Boggomsbaai
	09:00	Vleesbaai en Boggomsbaai
31 Des	19:00	Oujaarsdiens in die kerkgebou
1 Jan	09:00	Kerkgebou, Vleesbaai en Boggomsbaai
8 Jan	09:00	Kerkgebou en Vleesbaai

KATEGESE EN KINDERKERK: Begin weer D.V. op 25 Januarie '17.

NUWE INTREKKERS: Baie welkom in ons midde - mag u verblyf tot seën wees! Die dominee sal u graag na die diens voor die kansel wil ontmoet.

NEEM ASB KENNIS: Ds Robert is 2 Des '16 tot 15 Jan '17 met sabbatsverlof. Ds André is 4-24 Des '16 en ds Danie is vanaf 27 Des '16 tot 10 Januarie '17, met gewone verlof. Indien u 'n dominee benodig en u dominee is met verlof, skakel gerus een van die ander dominees.

DEURKOLLEKTE: Raadpleeg asseblief u jaarprogram. By ons Kersdienste en die Oujaarsdiens word 'n spesiale kollekte vir die Koskas opgeneem.

KERSMARK: Ons nooi u hartlik uit na die Mosselbaai Kerskunsmark! Dit vind plaas vanaf 19-21 Desember 2016 in ons kerksaal. Uitstallers van dwars oor die land bied kwaliteit handgemaakte artikels te koop aan. Die Kenani Dienssentrum sorg vir lekker eet– en drinkgoed en die gemeente verkoop elke dag tussen 11:00 en 14:00 sosaties en op 20 Des ook potjiekos. Bring u familie en vriende en kom geniet 'n heerlike kuiertjie terwyl u 'n spesiale geskenkie vir iemand koop en sommer ook u middag– of aandete teen billike pryse kry.

ALMANAKKE: Dit word nou versprei deur die dienswerkers. As u nie deur 'n dienswerker besoek word nie, kan u een by die kerkkantoor afhaal of by 'n erediens in die voorportaal.

KANTOOR: Sal gesluit wees 24 Des '16 tot 2 Jan '17. **Open op 3 Jan '17 om 11:00.**

Geen Bybestudie, gebedsgeleentheid, kategese, kinderkerk of manne saambid tot na die vakansie.